

ANAGRAM: **GELETTERDHEID**

1. Inleiding

Internasionale Geletterdheidsdag word jaarliks op 8 September gevier om die noodsaaklikheid van geletterdheid vir die persoonlike, ekonomiese en politieke bemagtiging van individue en gemeenskappe onder die aandag van die wêreld te bring.

Hierdie woord (**geletterdheid**) is dan die basiese woord wat ons hierdie week in die blokkiesraaisel gebruik, met al die ander woorde (anagramme/letterkeer/wisselwoorde) wat met hierdie letters gevorm kan word.

2. Definisie (omskrywing)

'n *Anagram* of *letterkeer* is 'n woord of woorde wat uit die letters van 'n ander woord of woorde gevorm is òf deur die volgorde van die letters in die woord(e) om te keer. Dit word ook soms 'n *wisselwoord* genoem. (Hieronder (by punt 4) is voorbeelde).

3. Gebruike van anagramme

- Om (die letters van 'n teks) in 'n geheime boodskap te vorm deur dit te herrangskik.
- Om (die letters van 'n teks) te herrangskik om 'n geheime boodskap te ontdek.
- Die opmaak van anagramme is 'n gewilde woordspeletjie waarin die spelers woorde bou deur letters om te skakel en dikwels by te voeg.
- Anagramme word ook dikwels as 'n pseudoniem (skuilnaam) gebruik.
- Die rederykers (lede van 'n diggenootskap in Nederland) het graag 'n anagram van hul naam as sinspreuk gebruik.

4. Voorbeelde

- a) In ons **letterkeer (anagram) van die week** is die hoofwoord **GELETTERDHEID** – daaruit is o.a. die volgende woorde (uit geskommelde letters) moontlik:
- ✓ DEEG
 - ✓ DELG
 - ✓ DIGTER
 - ✓ DREIG
 - ✓ HEIDE
- b) Gegewe 'n woord soos *TEGNIKUS* is die volgende anagramme moontlik:
- SUIGTENK
 - GIETKUNS
 - KUNSTIGE
- c) Woorde wat anagramme vorm, kan heeltemal verskillende betekenisse hê, maar wel verwant wees wanneer woorddele bloot omgeruil word, byvoorbeeld:
- *BLOMTUIN* – TUINBLOM
- d) Anagramvorming kan selfs 'n speletjie word waar mense 'n woord probeer vorm uit al die letters in hul eie naam of name en titels. Uit *SUSTER OLIVIER* ontstaan byvoorbeeld die woord VOLSTRUISEIER!

e) Nog voorbeelde:

- *MOESIES* – *EMOSIES*
- *RENDIERE* – *DREINEER*
- *REËN* – *NEER*
- *KOOR* – *ROOK*
- *STAR* – *RATS*
- *OESTER* – *SOETER*
- *WERKER* – *KERWER*
- *SOORT* – *TROOS*
- *TWEE* – *WEET*
- *SPRINGBOK* – *BOKSPRING*
- *TERG* – *GERT*

Inligting saamgestel deur Estelle Kruger uit die volgende bronne:

<https://af.wikipedia.org/wiki/Anagram>

<https://www.dictionary.com/browse/anagram>

Odendal, F.F. en R.H. Gouws. 2005. *Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Kaapstad: Maskew Miller-Longman.

PharosAanlyn.

[https://www.pharosaanlyn.co.za/soek/alle?q=anagram&titles=\[1,340,200,240,370\]&p=1](https://www.pharosaanlyn.co.za/soek/alle?q=anagram&titles=[1,340,200,240,370]&p=1)

WAT-aanlyn. <http://woordeboek.co.za/>

-o0o-

(Geredigeer deur Marianne Strydom)



**Klik op die bostaande prent om te sien watter
blokkiesraaisels reeds op LitNet gelaa is.**

-o0o-

Loer [hier](#) vir 'n volledige indeks van **hersieningsvraestelle en memo's** wat LitNet bied en wat kan help met voorbereiding vir die eksamen.